DIE BURGER 18 FEBRUARIE 1995

V A N O N S L E S E R S

Prof. Jonker se artikels was hart-versterkend

E.B. Gevers, Marmion Weg 11, Oranjezicht, skryf:

Ek voel jammer dat u so gewaardeerde medewerker, prof. Willie Jonker, afgetree het en nie meer die rubriek Geestelike Waardes sal versorg nie. Hy het altyd so hart-versterkend geskryf oor die *praktiese* geloofsvrae.

Terwyl hy baie ervaring in die binne- en buiteland opgedoen het en as professor natuurlik baie gelees het en waarskynlik nog steeds baie lees, was sy artikels nooit daarop gerig om sy kennis ten toon te stel nie. Hy het dit nie nodig gehad nie.

Ek wil graag baie dankie sê aan prof. Jonker omdat hy die beste verstaan het wat die bedoeling is van hierdie deel van die koerant en daardeur iets beteken het vir heelwat lesers. Tegelyk wil ek prof. Ferdinand Deist baie sterkte en seën toewens in die uitvoering van hierdie werk. As dit goed gedoen word, voorsien dit beslis in 'n behoefte.